JAARVERSLAG 2017

INLEIDING
Dit is vir my 'n absolute voorreg om my voorlaaste verslag oor die werksaamhede van hierdie baie spesiale skool te lewer.

'n Volledige verslag is op ons webblad beskikbaar

PERSONEEL
Die volgende personeel verlaat ons of tree met pensioen uit diens. Ons beste wense vergesel hulle:

- Mnr Louwrens Venter, departementshoof, met 35 jaar diens waarvan 28 jaar as Departementshoof en 12 jaar hiervan by Tjokkies was.
- Me Zilke Mahabeer, wat vir 4 jaar Gr 4 onderrig het en die laaste 3 jaar Gr 7 Engels.

Oorhandig oorkonde.

Personeel wat bevorder is;

- Mnr Neels Gunter as Adjunkoof.
- Mnr Stefan Smit as Deptementshoof in die Seniorfase.
- Me Lizette Buys as Departementshoof in die Grondslagfase
- Me Elsabe Claassen as hoof van die Kleuterskool

Die volgende personeel het hulle permanent by ons aangesluit.

- Me Esbe Louw (Graad 3)
- Me Phelicia Jacobs (Graad 3)
- Me Nadine Malherbe (Graad 2)
- Elzaan Stadler (Gr 4)
- Me Deo-marie de Vries (Gr 1 & 2 Remediërende onderrig)
- Mnr Herman Davin (Sportorganiseerder)
- Me Daleen Vermaak (Finasiële beampte)
- Me Miriam Masakala (Assisitent)

Die volgende personeel word permanent in Departementele poste aangestel;

- Me Leonie Corbett
- Me Sariana v Vuuren
- Me Janah Pothumus
- Mnr Antonie Botha

Dit was n vrugbare jaar by Tjokkies en die ooievaar het by die volgende juffrouens kom kuier;

- Chantal v Rensburg – seuntjie

- Carina Kriel – dogtertjie
- Ursula Helberg – seuntjie
- Leonie de Kock – dogtertjie
- Lize-marie Oosthuizen – dogtertjie

Verskeie opleidingsprogramme is deur die personeel bygewoon om hulle beter toe te rus.

Mnr Philip Marais en Janah Posthumus word vir twee jaar op die Uitvoerende bestuurspan gekoöpteer as deel van ons indiensopleidingsprogram.

BEHEERLIGGAAM
Die lede, onder die ervare voorsitterskap van mnr Willie Burger, het soos die afgelope drie jaar met groot toewyding en lojaliteit hulle professionele kundigheid gratis met Tjokkies gedeel. Nooit was iets te veel gevra nie en die belange van die personeel en leerlinge was vir hulle die hoofsaak.

In Maart 2018 vind daar weer n BL verkiesing plaas. Volgende lede is nie weer beskikbaar nie en wil ek hulle van harte bedank vir die aangename werksetiek en samehorigheid. Hulle is;

- Willie Burger (9 jaar waarvan 3 jaar as voorsitter)
- Dawie Truter (5 jaar waarvan 3 jaar as ondervoorsitter)
- Liezel Lues (3 jaar)

Oorhandig oorkondes

Mnre Johannes Kriel (finansies), Chris Vosloo (regsaangeleenthede) en Riaan Strydom (onderwysaangeleenthede), is weer verkiesbaar en het aangedui dat hulle bereid is om nog ‘n termyn van drie jaar te dien. Indien hulle weer verkies word sal dit kontinuiteit bewerkstellig wat van groot waarde is, ook vir die nuwe lede. Indien u van mening is dat u ‘n bydrae kan maak en ‘n hart vir die onderwys en Tjokkies het versoek ek dat u uself beskikbaar stel. Volledige inligting sal gedurende die eerste kwartaal van 2018 verskaf word.

Intusssen sit ons op hete kole oor die regering wat ‘n wetswysing aan die SA Skolewet wil aanbring waarin die magte van Beheerliggame verder afgewater word. Dit raak veral die BL se magte oor die aanstellings van hoofde, taal-en toelatingsbeleide. Dit kom daarop neer dat openbare skole tot staatskole verkaar gaan word en dat die ouergemeenskap geen insae en seggenskap oor skole sal hê nie. Die keerdatum vir besware teen die wetswysigings is 10 November 2017. FEDSAS (Federasie van Beheerliggame) te same met onderwysvakbonde opponeer hierdie saak namens ons en ons kan maar net vertrou dat hulle vertoë sal slaag. Indien nie, sal die saak seker na die grondwethof verwys word.

Die Godsdienbeleid van skole was ook gedurende die jaar onder die loep deurdat n privaat organisasie (OGOD) onderleiding van ’n ene Hans Pietersen ses skole hof toe geneem het oor hulle godsdienbeleid. Die uitspraak was egter oorwegend ten gunste van skole behalwe dat skole hulleself nie as Christen skole mag adverteer nie omdat dit by implikasie mense met ander geloofsoortuiging uitsluit. Solank ons die Skolewet respekter en nie leerlinge uitsluit of teen hulle diskrimineer wanwee hulle oortuigings

nie, is die BL geregtig om te besluit wat die skool se karakter en etos sal wees opgrond van die ouergemeenskap wat hy dien.

FINANSIES
Onder die bekwame leiding van mnr Johannes Kriel, wat met ‘n valkoog oor ons finansies waak, kon ons ondanks taai ekonomiese tye en stygende debiteure daarin slaag om ons verpligtinge na te kom. Ons skoolboeke word jaarliks, ooreenkomstig die voorskrifte van die skolewet, ge-oudit en daar word behoorlike rekord van ons inkomste en uitgawes gehou.

Die komitee het ook ‘n bedrag van R10 000 uit ons trustrekening bewilig aan een van ons leerlinge wat ‘n prostese benodig het.

Me Daleen Vermaak, wat vanjaar nuut by ons aangesluit het, is uiters bekwaam en verrig n reuse taak. Me Beualah du Plessis, kassiere, staan haar getrou by en werk as span goed saam.

Baie dankie aan elke ouer wat gereeld en getrou hulle skoolgeld betaal het. Dankie dat u die waarde van goeie opvoeding vooropstel.

Ouers word uitgenooi na ons jaarlikse begrotingsvergadering op Dinsdag, 8 November om 18:00 in die skoolsaal, waartydens die begroting en nuwe skoolgeld vir 2018 goedgekeur moet word.

GEBOUE EN TERREIN
Ons geboue en terrein verg ’n groot inset van verskeie rolspelers. Mnre Neels Gunter en Louwrens Venter verdien vermelding vir beplanning en hul toesig oor ons bouprojekte, en die afhandeling van begrote kapitaalprojekte. Mnr Hennie Greyling, terreinbestuurder, ons terreinwerkers en die terreinkomitee wat omsien na die instandhouding van die skool en tuine. Die jaarlange droogte het egter sy tol geeis en ons grasperke ly erg daaronder. Ons het wel geboor en was gelukkig om beperkte water (1800 l/h) raak te boor. Dit het ons instaat gestel om danksy die skenking van ‘n ouer ‘n dam op te rig met ‘n kapasiteit van 150 000l. Daarmee saam is pompe geïnstalleer en die besproeïngstelsel opgegradeer. Met die beperkte water tot ons beskikking het ons gereeld natgemaak, maar dit het die grasperke kwalik aan die lewe gehou. Die wonder van reënwater is al wat ons kan red en daarom bid ons sonder ophou.

Die volgende kapitaalprojekte is afgehandel of sal nog afgehandel word.

	Projek	**Bedrag**
1	Nuwe hoofingang	R40 000
2	Plaveisel - vergrote parkeerarea	R43 000
3	Plaveisel by netbalbane	R13 000
4	Plaveisel op sypaadjie in Paul Krugerlaan	R19 000
5	Interkomstelsel opgegradeer	R29 000
6	Nuwe Nissan bussie	R265 000
7	Rehabilitasie rugbyveld (Grassooie, Organiesekompos)	R35 000
8	Skoonmaak van stormwaterpype	R10 000
9	Kaalvoetkafee (snoepie) toerusting	R25 000
10	Boorgat	R20 000
11	Vloerteëls voor kantore	R20 000
	Totaal	R499 000

Die fondse vir die bussie is verhaal uit ons beleggingsrekening.

BEMARKING
Die laaste drie jaar het die bemarkingskomitee, onder leiding van prof Liezel Lues, gefokus om die sigbaarheid van die skool te versterk. Hierdie doelwit is verwesenlik deur die oprigting van die muur met die skoolwapen op die hoek van Paul Krugerlaan en Ross-straat, die hoofingang van die skool is gemoderniseer. Die ou naambord is afgehaal en opgeknap en sal eersdaags op die hoek van Louis Bok opgerig word. Verskeie aanwysingsborde op die skoolterrein sien eersdaags die lig om ouers en besoekers rigting te gee.

Hierdie sigbaarheid het ook gestalte gevind in die vloerteëls by die hoofingang na die skool se kantoor. Die nuwe webblad word meer effektief aangewend om belangrike inligting na buite te projekteer. Daar is ook gepoog om bestaande projekte meer effektief te maak. Die klerebeleid van die skool is gestandardiseer na verskeie insette van ouers inag geneem is. Die huiswerkboek, almanak en prospektus is deurgaans vernuwe. Ons het ook van jaar die dienste van ‘n nuwe fotograaf gebruik vir die neem van individuele en klasfoto’s wat byval gevind het. Dan was daar ook die ingebruikneem van die nuwe snoepie en nuwe spyskaart.

Die skool se waardes is reeds oral op die skoolgronde in die vorm van fokuspunte aangebring.

OUERKOMITEE
Me Annalise van Staden en haar komitee verdien ’n pluimpie vir hulle harde werk en suksesvolle wyse waarop hulle elke geleentheid gereël het. Dit kan net gebeur as daar bekwame leierskap en goeie samewerking is, iets wat deurgaans te bespeur was. Behalwe vir die verkope tydens die drie sportdae, te wete die Graad 1-dag, en die Tjokkie-hokkietoernooi het hulle die mooi bedrag van R43 000 ingesamel.

Me Riette Fivas, sameroeper van die graad 7-komitee het met die TV -lootjies en Bingo-aand vir die leerlinge ’n R80 000 ingesamel. Hierdie geld word jaarliks gebruik om vir die skool’n afskeidsgeskenk te koop.

Ons opregte waardering aan al die graadkomitees met hulle fyn beplanning en deeglike uitvoering van al die projekte. Baie dankie aan hierdie lojale ouers wat met hulle dienswillige leefwyse diep spore in mense se harte en op die skoolgronde getrap het.

LEERDERROL
Ons skoolrol staan tans op 860 leerders en alles dui daarop dat ons ongeveer 880 in 2018 sal wees.

MIDDAGSTUDIE
Ons middagstudie akkommodeer tans 220 leerlinge. Tans is daar 9 dames wat die fort hou. Me Chrisna Swanepoel het intussen na 10 jaar bedank. Ons opregte waardering aan haar vir n taak welgedaan.

Ons is deeglik bewus van die groot verantwoordelikheid om vir hierdie Tjokkies, wat heeldag by die skool bly, te sorg. Dit verg ‘n fyn aanvoeling om ‘n veilige omgewing te skep waarbinne die kinders gekoester kan word.

Baie dankie aan elke toesighouer vir die liefde en omgee van elke kindjie.

SNOEPIE
Na 8 jaar het me Ilze Jordaan besluit om Pikininis-snoepie, wat gespesialiseer het op gesonde kos, se deure te sluit. Die beheerliggaam besluit om die snoepie nie weer op tender basis uit te verhuur nie, maar om dit eerder self te bedryf. Die hoof oorweging is om ‘n gebruikersvriendelike snoepie, met ‘n groter verskeidenheid items teen billike pryse, aan te bied. Daar word ook bereken dat die skool n groter wins kan genereer deur dit self te bedryf as wat die inkomste uit die verhuring sal wees.

Mee Mechelle Meyer en Suzette Hoogendoorn word aangestel om dit namens die Beheerliggaam te bestuur. ‘n Kompetisie vir ‘n nuwe en oorspronklike naam word onder die leerlinge geloods. Die naam **“Kaalvoetkafee”** vind die meeste byval en vandaar ons nuwe naam.

MA’S WAT OMGEE
Hierdie klomp getroue mammas weet waar hulle krag lê en kom elke Donderdagoggend bymekaar om Tjokkies aan ons Groot Leermeester op te dra. Hulle gebedslysie bly vol, want daar is altyd ‘n onderwyser, leerlinge of ouer wat geestelike ondersteuning nodig het. Ons groet ook dr Hettie Redelinghuis wat baie jare betrokke was en wie se laaste spruit Hoërskool toe gaan.

JEUGWERKER
Me Liezl Hiten doen wonderlike werk. Sy werk 2 dae per week by Tjokkies waar sy veral betrokke is by die geestelike versorging van ons leerders. Sy is nou betrokke by die VCSV, Bybelsessies, saalopeninge en individuele terapie aan ons kindertjies met einas. Sy hanteer gebedsversoeke uit ons gebedeboks en met haar vriendelike glimlag, innemende persoonlikheid en as diep gelowige doen sy koninkrykswerk.

Die behoefte het so uitgebrei dat sy volgende jaar 3 dae per week by die skool sal wees.

LEERLINGRAAD

Die projekte vir 2017 was:

Leerderraadkamp
Die kamp, wat deur “Young Entrepreneurs” by Florisbad aangebied is, was ‘n heerlike inleiding tot hulle jaar en oulike idees het daaruit gekom.

Valentynsdag
Die dag was weereens ‘n hoogtepunt vir al die leerlinge. Die komitee het hard gewerk met die beplanning en uitvoering van al die oulike idees. Die leerderraad het dit vir die kinders moontlik gemaak om goedkoop geskenkies te kon koop en daardeur ander se harte bly te maak. Die kinders het betaal om met sivvies skool toe te kom en dié geld gaan aan ‘n liefdadigheidsorganisasie geskenk word.

Leerlingraad spanbou-aksies
Die eerste kwartaal was ‘n spanbou wat met ‘n swem afgesluit is. Die tweede kwartaal is ‘n drumming sessie aangebied en in die derde kwartaal het hulle ‘n spanbou by die “Action Sport” terrein by die skougronde gehad. ‘n Jeugberaad by Hoërskool Sentraal was ook deel van die kwartaal se aktiwiteite.

Graad 7 aksies
Twee graad 7 aksies is die jaar aangebied. Die graad 7 aksie was ‘n goeie opvoedkundige en aktiewe sessie oor herwinning, wat ook deur “Young Entrepreneurs” aangebied is.
Die graad 7’s het ook hul harte oopgemaak vir die Athaliahuise vir bejaardes deur op Vrydae-middae saam met die mense tyd te spandeer.

Gemeenskapsprojekte
Hierdie jaar se gemeenskapsprojek was gerig op die Athaliahuise, vir behoeftige bejaardes. Nie-bederfbare produkte is deur die hele skool ingesamel en na die Athaliahuise geneem. Die honderde sakke vol kos wat ingesamel is, het net weer bewys dat Tjokkies se ouers en leerlinge omgee-harte het. Die nie-bederfbare produkte is in die 1ste en 2de kwartaal aan die huise oorhandig. Die leerderraad het ook ‘n trofee gewen tydens die “Vosdi- Projek”.

Pretdag
Die Reënboog Trap-en-stapdag gedurende die 3de Junie 2017 was ‘n lekker familiedag wat goed ondersteun was.

Mnr Coomans se verjaarsdag
Ons skoolhoof is verras met ‘n donkiekarrit om die skool waartydens die leerders hom toegejuig het. Dit was lekker om ons skoolhoof te bederf.

Lentedag
Die skool het soos lente gelyk. Goeie beplanning en harde werk het van die dag ‘n sukses gemaak. Die kinders het weer betaal om met sivvies skool toe te kom en dié geld is aan ‘n liefdadigheidsorganisasie geskenk.

Treat ’n Onnie
Die Treat-‘n-Onnie komitee het die personeel met baie oorspronklik idees bederf.

Graad 7 afsluiting
Die graad 7’s het op ‘n hoë noot hul laaste kuier by Tjokkies afgesluit. Graad 7 kinders, saam hul ouers, woon saam hul laaste braai by Tjokkies by. Ons wens hulle alle voorspoed toe met hul Hoërskoolloopbaan, met die vertroue dat hulle die waardes van Tjokkies sal saam neem op hul lewenspad.

Blomme
Elke mamma van die leerderraad het ‘n beurt gekry om die voorportaal met blomme te versier. Die moeite en tyd daarin word baie waardeer.

Teebeurt
Die leerderraad het kwartaalliks ‘n beurt gehad om die onderwysers tydens pouse met iets te ete te bederf.

Baie dankie aan elke kind en ouer vir die mooi gesindheid en bereidwilligheid tydens al die projekte. Dit het 2017 ‘n jaar met net goeie herinneringe gemaak.

Veiligheid
Veiligheid van ons leerlinge, personeel en ouergemeenskap bly vir ons ‘n prioriteit en ons streef deurgaans daarna om voorkomend op te tree. Die komitee vergader kwartaalliks onder leiding van mnr Nicolaas Slabbert, voorsitter. Mnr Harry Lewis,

veiligheidskonsultant, staan ons by en adviseur ons waar nodig. Ons werk ook nou saam met Universitas GPF en Parkwegpolisie en veral kaptein Jones van die SAP se helpende hand word opreg waardeer.

Noodontruimings was kwartaalliks ingeoefen om die leerders en personeel paraat te hou, vir enige gebeurlikheid. Die personeel is ook die kuns aangeleer in die hantering van brandblussers.

Ons veiligheidswagte verrig ‘n reuse taak en hulle sigbaarheid is van groot waarde.
Flip Venter, is reeds vir 8 jaar getrou op sy pos en werk bitter lang ure om na ons Tjokkies se veiligheid om te sien. Ons is groot dank aan hom verskuldig. Die skool huur ook ekstra veiligheidpersonneel om ons motors tydens aandfunksies op te pas.

Menere Ryno Eckard en Hennie Greyling het die NOSA veiligheidskursus suksesvol afgelê.

Behalwe die normale armbreuke en snywonde is ons dankbaar dat daar geen ernstige gevalle gedurende die jaar was nie en daarvoor dank ons, ons Hemelse Vader

AKADEMIE
Dit is lekker om deur die hand- en werkboek van ‘n suksesvolle akademiese jaar te blaai met die wete dat ons leerlinge geseën is met goeie vermoëns en baie talente.

Die implementering van KABV (CAPS), wat enkele jare gelede tot beleid verklaar is, verg steeds sekere skaafwerk en uitdagings, maar in die geheel gesien het die onderwysers dit onder die knie en slaag ons daarin om ons leerlinge te leer om selfstandig en kreatief te werk en deel te word van ’n produktiewe ingesteldheid. Die klem word veral op addisionele materiaal en hulpmiddels gevestig, ten einde `n kompeterende standaard te bewerkstellig.

Deur die loop van die jaar het ons besoeke van Departementele fasiliteerders ontvang wat hulle waardering uitgespreek het teenoor die Tjokkie-onnies vir hulle aanpasbaarheid, kreatiewe denke en passievolle onderrig. Die onderwysers se gebruik van tegnologie as hulpmiddel in die klasse word ook hoog aangeslaan deur onderwyskundiges.

Die Beheerliggaam word bedank vir die ruim begroting ter ondersteuning van akademiese uitnemendheid. Elke klas is toegerus met die nodige tegnologie en veiligheid om ons taak na die beste van ons vermoë te verrig. Ons is dankbaar teenoor die SOAU, ons vakbond, en FEDSAS wat deurlopend gehalte opleiding- en inligtingsessies gehou het om ons onderwysers op hoogte van die nuutste verwikkelinge te hou.

Verder het van ons leerlinge aan verskeie aktiwiteite deelgeneem en ons skool met onderskeiding verteenwoordig.

WISKUNDE

Nautilus
Al die graad 4 - 7 leerders wat deur die jaar deelgeneem het, het besonder goed gevaar met verskeie eerste, tweede en derde plekke in hulle onderskeie grade.

Daar was ook ses van ons graad 7 leerders uitgenooi na die jaarlikse ASSA Suid-Afrikaanse Wiskunde spankompetisie, wat deur die Nautilus Wiskunde projek aangebied word. Hierdie leerders is geïdentifiseer deur uitmuntende pretasies tydens die Nautilus kompetisies.
Die leerders was: Yvé Kriel, Dawie Botes, Cloete van Vuuren, Annemie Grobler, Jannie Truter en Franco van Heerden.
Dawie Botes haal ook die Junior C-Span wat bestaan uit Graad 7-9 leerders wat deelgeneem het aan die ASSA Suid Afrikaanse wiskunde spankompetisie op die 9de September 2017.

VS-NK Wiskunde Uitdaging
Al die graad 3-7 leerders het hierdie jaar weer die uitdaging skryf. Die leerders het dit baie geniet en die volgende besondere prestasies is behaal:

Graad 3:	Mia Greeff	- Algehele 1ste plek
Graad 4:	Miré Vorster	– Algehele 3de plek
Graad 5:	Jana Rossouw	- Algehele 1ste plek
	Wildré Lloyd	- Algehele 1ste plek
Graad 6:	Cara Stevens	– Algehele 1ste plek

South African Mathematics Challenge (SAMC)
Al die graad 4-7 leerders het hierdie jaar weer die uitdaging in pare van twee geskryf. Die pare het ‘n sertifikaat ontvang indien hulle bo 50% vir die vraestel behaal het. Brons sertifikaat bo 50%. Silwer sertifikaat bo 60%. Goue sertifikaat bo 80%. Die leerders het dit baie geniet en ons is trots op die prestasies wat behaal is:

SAICA QUIZ 2017
(SAICA - South African Institute for Chartered Accountants)

Mikael von Eschwege
Simeon Vorster
Yvé Kriel
Zenobia Slabbert
Emma Nel

Hierdie leerders het aan die SAICA Quiz deelgeneem op die 15de September 2017.
Die Quiz het gehandel oor Wiskunde, Algemene kennis en Engels.
Die vraestel was in Engels en het 150 punte getel.
Daar was altesaam 96 deelnemers.
Tjokkie leerders se gesamentlike gemiddeld was 83%, waarmee Tjokkies in die eerste plek geëindig het.
Die naasbeste skool se gemiddeld was 65%.

PO LEUNG KUK 20e Laerskool Wêreld-Wiskunde Kompetisie

Graad 7 – Leerders wat onder die top 20 geëindig het.
- Zenobia Slabbert

Graad 6 – Leerders wat onder die top 20 geëindig het.

- Wilandré van der Walt
- Gerhardus Janse van Rensburg

Graad 5 – Leerders wat onder die top 20 geëindig het.
- Jana Rossouw
- Wildré Lloyd

Wiskunde- en Wetenskap-in-Aksie
'n Hele aantal leerlinge is uitgenooi na 'n Pretdag wat op die 16de September by die Universiteit van die Vrystaat aangebied is op grond van hul prestasie.

Mikael von Eschwege behaal ook 'n algehele 2de plek met Wetenskap-in-Aksie en Zenobia Slabbert 'n algehele 2de plek met Wiskunde-in-Aksie in hierdie uitdaging, wat aangebied was deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.
Ons is werklik trots op al ons seuns en dogters en gee graag erkenning vir harde werk.

REKENAARSENTRUM
Dit was weereens 'n goeie jaar vir Tjokkies se rekenaarsentrum. Onderhoud aan die sentrum se rekenaars is beperk tot die vervanging van komponente van 'n aantal masjiene. Vyf en dertig ou rekenaarskerms in die sentrum is vervang met nuwe LED skerms.

Ons is tans nog besig met die ondersoek van 'n Wi-Fi stelsel aan die skool. 'n Behoefte vir hierdie diens is noodsaaklik vir die verbetering van ons tegnologie.
Opvoedkundige sagteware wat die CAPS leerplan ondersteun word gebruik waarvan die resultate elke kwartaal aan leerkragte beskikbaar gestel word. Naslaan programme word tans gebruik vir navorsing en take.

Daar word jaarliks, in samewerking met ons leerkragte, na al die sagteware gekyk ten einde te verseker dat ons op hoogte en in pas bly met nuwe verbeterde programme vir ons leerders.
Rugsteun van data word daagliks van al die administratiewe rekenaars, sowel as die van die Kleuterskool gedoen en op verskeie bronne gestoor.

MEDIASENTRUM
Tjokkies besik oor 'n goed toegeruste biblioteek. Die biblioteek is nou ten volle elektronies en boeke word inskandeer vir uitleen en terugbesorg. Dit maak die opsporing van uitgeleende boeke baie makliker. Alle boeke in die biblioteek is ingelees en word deurlopend gemonitor vir ingeval 'n boek dalk oorgeslaan is.

Leerders is bevoorreg om in 'n vrolike omgewing daagliks die genot van boeklees te geniet. My dank aan die Media-assistente wat dwarsdeur die jaar uitstekende werk gelewer het.

ONDERSTEUNINGSONDERRIG
In die Grondslag, Intermediêre- en Seniorfases word leerders met leerhindernisse in Gesyferdheid, Geletterdheid asook Perseptuele vaardighede so gou moontlik geïdentifiseer. Indien leerders moet inskakel by ondersteuningsonderrig, word hul verwys na Voorligting Sielkundiges vir evalueringstoetse en indien nodig vir ander terapie waaroor die skool nie beskik nie.

In sekere gevalle, waar ons opmerk dat ‘n leerder nie suksesvol vorder met ons ondersteuningsprogram nie, word die leerder verwys vir moontlike inskakeling by Gespesialiseerde Onderwys. Die proses word altyd in samewerking met die ouers, terapeute/sielkundiges/neuroloë, skool se ondersteuningspan asook die Inklusiewe Onderwysdepartement se ondersteuningspan gedoen.

Gesyferdheid in al die fases verleen vele geleenthede tot ontwikkeling. Die vrees wat by leerders ontstaan vir Gesyferdheid, word oorkom met die aanleer van vaardighede soos: abstrakte denke en redeneervermoë, insig en probleemoplossings, visuele integrasie met konkrete hulpmiddels, asook deursettingsvermoë. Die opbou van selfvertroue, motivering en ‘n positiewe gesindheid teenoor Gesyferdheid is van groot belang by elke leerder.

Geletterdheid sluit in die ontwikkeling van lees, spel en skryfvaardighede en is van groot belang. Leerders word gelei om die inhoud te ontdek en te verken asook om met insig en begrip te lees. Leesmetodes en spelreëls speel ‘n deurslaggewende rol in elke leerder se taalontwikkeling en ‘n liefde vir lees en spel word gekweek. Met die verskeidenheid van programme en metodes wat die skool bied, word die leerder geleer dat lees interessant is en word hulle aangemoedig om dit te geniet. Daar word deurentyd aandag gegee aan die ontwikkeling van perseptuele vaardighede, aangesien dit die grondslag vorm van Gesyferdheid en Geletterdheid.

Tydens 2017 het ons ondersteuningsprogram bestaan uit verskeie hulpmiddels, individuele werkstasies, asook ‘n hindernisbaan om groot motoriese ontwikkeling te bevorder, asook die ontwikkeling van perseptuele vaardighede. Inligtingsessies aangebied deur kundiges word gereeld bygewoon wat deel vorm van ons personeel se persoonlike ontwikkeling!

In die Terapiekamer word gedrags- en emosionele probleme aangespreek en die nodige terapie toegepas. Die leerders word gehelp om vaardighede aan te leer om sodoende hul emosies beter uit te druk en te hanteer.

Ons jeugwerker, Me Liezl Hiten, speel ‘n groot rol om van hierdie probleme te help oplos en ondersteuning te kan bied waar nodig. In die terapiekamer word ook evaluerings en toetsings gedoen deur sielkundiges, opgeleide persone en terapeute. Spraakterapie word op ‘n weeklikse basis deur Me Esthie van Vuuren aangebied.

KULTUUR
Koerant: Tjok-klets.
Op die voorblad van die Junie-uitgawe is ‘n pragtige foto van ‘n groep leerders wat by Tjokkies se geliefde “Love Tree” staan. Roedine van der Merwe som die gevoel so mooi op: “Tjokkies is baie meer as om jou naam op ‘n boom te graveer, te klim en klouter in die reusagtige takke en in die groot skaduwee tot rus te kom …. Tjokkies is ‘n skool wat van jou ‘n volwaardige mens maak om aan ander koelte en skuiling te verskaf.”

Verder is daar vertel hoe die Tjokkie-familie net groter en groter word met nuwe baba’s en personeel. Mianè Smit lewer ‘n pragtige getuienis oor die biddag van Oom Angus op bl. 4.

Die Kleuterskool berig op bl 5 – 8 oor klein Tjokkies se doen en late.

In die GSF-afdeling kon onder andere gelees word oor Gr 1's se eerste skooldag, eerste rugby- en netbalwedstryde en ook Paasfees.

Tjokkies beoefen nie net sport wat by die skool aangebied word nie, daar is Tjokkie-leerders wat rolbal speel en boogskiet!

Die redaksie wat hard werk om elke uitgawe met interessante leesstof beskikbaar te stel is:

Redakteur: Leonie Corbett
Sub-redakteur Tjok-kleuters: Jomy Lombaard.
Sub-redakteur Tjok 1-2-3: Chantal Janse van Rensburg
Sub-redakteur Sport: Lianza Grobler

Pom-pons
Die pom-pon groep het hierdie jaar uit 20 graad 2 en 3 leerders bestaan. Hulle het Tjokkies se naam hooggehou by verskeie optredes. Hulle kan ook weer spog met 'n A++ wat hul by die Rivista Kompetisie ontvang het.

VCSV:
Weereens het ons 'n heerlike jaar gehad by die VCSV. Ons kom weekliks bymekaar om saam die Here te loof en te prys. Die hoogtepunt was natuurlik Tjokkies se VCSV kamp by Retiefkampterrein. Sowat 120 kinders het die kamp bygewoon.

Seniorkoor:
Die koor het hierdie jaar afgeskop met 'n heerlike kamp ter voorbereiding vir ons verskeie optredes wat die volgende ingesluit het: die Foyeroptrede saam met Joe Vorster. Universitas-Wes gemeente op 29 Oktober en ons laaste optrede by die prysuitdeling. Baie dankie aan al die kinders wat getrou met 'n lied in die hart elke Dinsdagmiddag opgedaag het.

Musiek:
204 Tjokkieleerlinge het in 2017 musiekonderrig by die skool ontvang.

Gedurende Meimaand het hulle deelgeneem aan die Vrystaatse Kunswedstryd in die afdeling Musiek. Uitstekende simbole is behaal. Na afloop van die Kunswedstryd is Lee-Ann Usher aangewys as kategoriewenner vir beste die klawerbordspeler en Joubert Potgieter deel ook die eerste plek in die kategorie vir orrel.

18 Leerders het UNISA se praktiese klaviereksamens afgelê en ook hier het ons Tjokkieleerders net hul beste gegee deur te slaag met 'n gemiddelde punt van 84%.

Deur die loop van die jaar het verskeie leerders geleentheid gekry om by die onderskeie grade se debatoggende op te tree asook by die Gr 1 Opedag. Daar was ook 3 kwartaalkonserte vir die UNISA klavierleerders en hulle ouers ter voorbereiding van die eksamens.

Op 28 Oktober gaan 13 blokfluitleerders na Kimberley om daar deel te neem aan 'n Blokfluitfees saam met 'n strykorkes.

Enkele leerders skryf die UNISA musiekteorie-eksamens gedurende Oktobermaand.

Voortrekkers:
Ons Voortrekkerkommando het ons slagspreuk vir 2017 naamlik " Voortrekkers Kan!", uitgeleef en van krag tot krag gegaan.
Van ons hoogtepunte sluit die Kruiwa Derby, Fliekaand op die rugbyveld en ons Kommandokamp in. Die onderskeie Gebiedskampe te Doornkloof is deur 76 Voortrekkers bygewoon. Tjokkies maak hul merk deur hul teenwoordigheid en goeie Tjokkie-maniere.
Die 14 P.D. Voorslagknoop- kandidate het gewys dat hul weet van koershou en aanhou. Met hulle mooi uitslae het hulle ons kommando trots gemaak.
Baie dankie aan Juffrou Zilke wat met hart en siel gewerk het in ons kommando en `n groot verskil gemaak het. Ons het groot waardering vir elke ouer wat dit moontlik maak dat u kind deel kan wees van Voortrekkers.

GSF Koor:
Hierdie GSF-maats wat o.l.v. Jana Stoltz staan, het `n pragtige CD uitgereik met al hul liedjies op. Die hoogtepunt van hulle optrdes was die buitelug konsert op juf Jana se hoewe.
Baie dankie aan Du Preez Stoltz wat die koor bystaan tydens hul optredes deur die klank te verskaf. Ons voel trots om met u geassosieer te wees.

Ritmegroep:
Die energieke, spontane en borrelende dansgroep, bestaande uit 43 lede, het vanjaar geskitter in hul optredes. Optredes het afgeskop met Kruitberg se Musiekfees in die Kovsie kerk.
Die hoogtepunt was hul optrede by die Revue- en Trompoppiefees in die Sand du Plessis Teater. Tjokkies word aangewys as algehele wenners van die aand, sluit die aand weereens af met hul optrede en ontvang 'n kontantbedrag en trofee!
Die groep vaar ook uitstekend by die Rivistakompetisie wat by Böhmer Sekondêre Skool aangebied is, waar 'n punt van 95% A++(goud) behaal is!
Voorwaar 'n spoggroep en trots vir Tjokkieland!

Sprekers:
Die redenaarskompetisie vir graad 6 en 7 het op 15 Maart plaasgevind. Die ATKV se temas van *Klik, Krap en Spieël* is gebruik. Elke leerder moes sy eie onderwerp uit die tema formuleer.

Die wenners was soos volg:

Graad 6	Graad 7
1 – Arno Griesel	1 – Zanelle J van Rensburg
2 – Mianè Smit	2 – Roedine van der Merwe
3 – Marnè Botes	3 – Emma Nel

Op 11 en 12 Mei, het elf leerders aan die ATKV-Redenaarskompetisie se eerste rondte deelgeneem:

Gr. 3-leerders, Mia Greeff, Riva Joubert, De Villilers Lamprecht
Gr. 4-leerders, Daniëlle Jacobs, Elrè Oosthuizen, Mirè Vorster
Gr. 5-leerders, Zandri du Plessis, Johannes van Wyk
Gr. 6-leerder, Marnè Botes
Gr. 7-leerders, Marizelle Cloete, Zanelle Janse van Rensburg

Daniëlle Jacobs (gr. 4) en Johannes van Wyk (gr. 5) het aan die volgende rondte deelgeneem en Tjokkies se naam hoog gehou. Die selfvertroue en vaardighede wat leerders tydens so ‘n kompetisie ontwikkel, is van onskatbare waarde.

Arno Griesel , Graad 6, het op 24 April aan die Radikale Redenaarsfees deelgeneem by Oranje Meisieskool en het ‘n goue toekenning ontvang.
Die redenaarskompetisie vir graad 4 en 5 het op 20 Junie plaasgevind.
Temas was: *Blou, Klei, Note*. Die toesprake was van hoogstaande gehalte en die beoordelaars moes kopkrap om die wenners aan te wys.

Graad 4:	Graad 5:
1 – Daniëlle Jacobs	1 – Johannes van Wyk
2 – Jana Helmand	2 – Anika Labuschagne
3 – Marnè Botes	3 – Zandri du Plessis

De Villiers Lamprecht en Riva Joubert het op 15 Augustus 2017 ons skool verteenwoordig by Jim Fouchè Laerskool se Redenaarskompetisie. Hulle het albei baie goeie uitslae ontvang en was ware ambassadeurs vir Tjokkies.

Op 21 September was dit die GSF leerders se beurt om te praat oor: Blink, Reënboog en Gogga.

Hierdie leerders het verbaas deurdat hulle met selfvertroue kon optree voor ‘n gehoor. Dit was gewis ‘n heerlike oggend. Daar is in elke graad ‘n eerste, tweede en derde plek toegeken. Die wenners in die onderskeie grade was:

Graad 1 – Lydia van Rooyen
Graad 2 – Mienè Spies
Graad 3 – Wian Griesel

‘n Laaste op die redenaarsprogram vir die jaar was die Interskole Redenaars wat deur Willem Postma aangebied is op 19 Oktober. Baie dankie aan Zanelle Janse van Rensburg en Arno Griesel wat ons skool daar verteenwoordig het.

Kunswedstryd:
Tjokkies het hierdie jaar uitsonderlik presteer by die Vrystaatse Kunswedstryd. Die Grondslagfase het 3 Spreekkore, asook ongeveer 29 individuele sprekers ingeskryf. Al die bg. het A-simbole en meer verwerf. By die Seniorfase was daar 58 leerders wat onderskeidelik prosa, formele- en gedramatiseerde gedigte voorgedra het. Ook hier het die leerders pragtig presteer. Dié sukses sou nie moontlik gewees het as dit nie vir elke afrigter of onderwyser se ekstra ure was wat hulle in ons leerders belê het nie.

Bloemskou:
Soos elke jaar skryf Tjokkies ‘n hele aantal leerders in vir die Bloemskou. Hierdie jaar was ook geen uitsondering nie.
24 leerders van Graad 4 tot 7 het deelgeneem aan die gebak en dit vreeslik geniet om te bak en brou. Ook seuns het hier deelgeneem. By die blommerangskikking was daar 6 leerders van Graad 4 tot 7. Hier het van die seuns met die louere weggestap en gewys wie is baas. By die Graad 4 leerders was daar 6 leerders wat ingeskryf het vir Skrif. Trotse Tjokkies geniet die skou!

SPORT
ATLETIEK
Die Zone-byeenkoms is die eerste byeenkoms waar Tjokkies se atlete hul staal kon wys en hier dring drie-en-veertig atlete deur om later aan die Motheo-byeenkoms deel te neem. Tydens die Fichardtpark byeenkoms verbeter ons drie rekords en ontvang van ons atlete toekennings vir hul puik vertonings. Tjokkies is trots op hul atlete!

Drie rekords spat weer tydens die Motheo-byeenkoms en Tjokkies ontvang die skilde vir Beste O/9 Seuns, Beste O/12 Dogters en Beste Dogterspan Algeheel. Eduane Janse van Rensburg ontvang ook die toekenning vir die Beste Baanprestasie van die byeenkoms. Twee-en-twintig atlete kwalifiseer vir die Vrystaat-byeenkoms.

Tjokkies blink uit tydens die Vrystaat – beenkoms te Sasolburg op 11 Maart. Ons behaal ses eerste plekke, twee tweede plekke en drie vierde plekke. Die dogters ontvang ook die trofee vir die Beste Dogterspan van die byeenkoms en Eduané Janse van Rensburg word aangewys as die Beste Dogters Baanatleet.
Die volgende ses atlete word verkies tot die Vrystaatspan:

Eduane Janse van Rensburg
Zanelle Jansen van Rensburg
Miane Smit
Mienke Delport
Inge Pretorius
Janco Pelser

Mev. Joans Bezuidenhout is as naellope- en aflosafrigter verkies. Baie geluk aan haar en ons atlete.

Die SA Kampioenskappe te Potchefstroom vind op 24 en 25 Maart 2017 plaas. Die volgende prestasies word behaal:

Eduane Janse van Rensburg (D.O/13)	:	100m-3de; 200m-3de; aflos-2de.
Janco Pelser (S.O/11)	:	70m Hekkies- 3de.

Baie geluk aan almal met die mooi prestasies!

Sukses is nie toevallig nie. Dit verg harde werk, deursettingsvermoë, opoffering en die belangrikste … ‘n Liefde vir dit wat jy doen!

HOKKIE
Tjokkies het weereens vanjaar ‘n baie goeie hokkieseisoen beleef.
Nagenoeg vyfhonderd en vyftig kinders het vanjaar ingeskryf vir die hokkieseisoen wat ons dus toegelaat het om agt-en-veertig spanne van Gr1 tot O/13 in die vriendskaplike liga te kon inskryf. President Brand Primêre Skool het ook vanjaar in ons liga gespeel wat gemaak het dat ons ‘n ekstra wedstryd kon speel. Die seisoen was 8 weke lank waarin ons 6 wedstryde gespeel het. Die O/11 formaat het ook hierdie jaar verander vanaf halfveld na volveld om die spelers voor te berei vir die O/12 Suid-Vrystaat-proewe wat reeds in die eerste kwartaal van die nuwe jaar gehou word.

Behalwe vir ons eie Tjokkie-Hokkietoernooi het Tjokkies ook aan die Eunice-en Jim Fouché-toernooie deelgeneem. By die Eunice-toernooi het hoofsaaklik A en B-spanne gespeel terwyl die laer spanne kans gekry het om by die Jim Fouché-toernooi te speel. Daar is gepoog om elke speler speelkans te gee by die Tjokkie-toernooi. Ons, nou

reeds, bekende toernooi is bygewoon deur eenduisend negehonderd spelers van vier-en-twintig genooide skole waarvan sewe buite Bloemfontein geleë is.

Die O/13A-seunspan en O/13A-dogterspan het van 24-27 Augustus aan die Eddie Walkertoernooi in Klerksdorp gaan deelneem wat deur Curro St. Conrad's College aangebied word. Die kinders en personeel het die toer baie geniet. By hierdie toernooi het die dogters 8ste geëindig en die seuns 5de.

Die volgende spelers was ingesluit in die Suid-Vrystaatspanne wat in die Junievakansie aan verskeie toernooie deelgeneem het:

Cloete Janse van Vuuren	:	O/13A seuns
Francois Fourie	:	O/13A seuns
Devan Potgieter	:	O/13B seuns
Arno Griesel	:	O/12A seuns
Coenraad Pretorius	:	O/12B seuns
Duncker Hohls	:	O/12B seuns
Wandrich Keyser	:	O/12B seuns
Luhan van der Westhuizen	:	O/12B seuns
Mia Ceronio	:	O/12B dogters

Baie geluk aan hierdie spelers. Dit is 'n besonderse prestasie.

KRIEKET

Die krieketseisoen het goed afgeskop ondanks die knellende droogte. Ons is egter dankbaar vir die genadedruppels uit die Vader se hand, asook die besproeiingstelsel wat die kolfblad aan die gang kon hou. Dit het meegebring dat ons slegs wegwedstryde gedurende die eerste en vierde kwartale kon speel.

Ons ligaspanne was deur die bank uiters mededingend en kompeterend in die onderskeie ligawedstryde, al kon ons net A-en B-spanne inskryf.

Die afgelope jaar het `n verskeidenheid van hoogtepunte en prestasies opgelewer.

Vier van ons spelers is ingesluit in die Mangaung Metro Krieketstreek, wat die afgelope vakansie in Sasolburg aan die Vrystaat Krieketproewe deelgeneem het, nl:

Dale Williams	:	O/11A
Alwyn Smith	:	O/11A
Wendell Plaatjies	:	O/13A
Ricu van den Bergh	:	O/13B

Om alles te kroon is Dale Williams ook ingesluit in die Vrystaat O/11 A-krieketspan en Wendell Plaatjies in die Vrystaat O/13 A-krieketspan wat die einde van die jaar aan die Nasionale Krieketweek gaan deelneem.

Die kersie op die koek is die feit dat die enigste roos tussen al die dorings, Mianè Smit, nie net haarself met onderskeiding in Tjokkies se O/13A span verteenwoordig nie, maar ook ingesluit is in die O/13A-Vrystaatspan vir dogters.`n Eerste in Tjokkies se geskiedenis!

Elke onderwyser en afrigter word grootliks bedank vir die enorme insette wat hulle werk om krieket by Tjokkies te laat groei. `n Besondere woord van dank aan elke ouer wat dit vir sy/haar kind moontlik maak om aan hierdie geliefde sportsoort te kan deelneem.

Mag ons die "foutballe" van 2017 agter die rug sit, ons verlustig in die wete dat die dag van môre `n nuwe beurt sal oplewer.

NETBAL

Met Tjokkies se netbal het dit vanjaar baie goed gegaan. Daar was `n beduidende toename in die getal spanne en spelers vanjaar.

Aan die begin van die seisoen is verskeie klinieke gehou waar ervare afrigters soos Maryke Holtzhausen, Retha de Lange en Tanya Mostert ons spelers en afrigters se vaardighede ontwikkel het.

Die uitdaging wat Mini-Netbal stel, is goed bemeester en ons O/7 tot O/9 spelers het baie ontwikkel omdat hul blootstelling in alle posisies kon kry. Die O/9A & B tot O/13A & B-oudersdomgroepe het vroeg in die seisoen aan Bloemfontein Laerskool se netbaltoenooi deelgeneem en goed presteer. Verder het die O/12A en O/13A spanne ook aan die Wilde Klawer Toernooi deelgeneem. By hierdie toernooi het ons teen die land se top spanne deelgeneem en waardevolle ondervinding opgedoen wat ons goed kon voorberei vir die liga in Bloemfontein.
Die volgende spelers verteenwoordig ons skool in die Motheo-distrikspan:

Diané Steyn	:	O/12
Mienke Delport	:	O/12
Ankia Myburgh	:	O/12
Stephné du Plessis	:	O/12
Eduané Janse van Rensburg	:	O/13
Brenscha Badenhorst	:	O/13
Anso Färber	:	O/13
Zanelle Janse van Rensburg	:	O/13

Juff. Karen Marais, Joans Bezuidenhout en Sumé Myburgh het ook as keurders by die Motheo-proewe opgetree.

Die volgende spelers verteenwoordig ook die Vrystaat in die "*O/13 All ages*" Netbaltoernooi in Boksburg gedurende Juliemaand.

Zanelle Janse van Rensburg
Brenscha Badenhorst

Tjokkies se O/13A-Netbalspan eindig 2de in die Vrystaat onder leiding van Juf. Zilke Mahabeer en die O/12A-Netbalspan van Juf. Odette van Niekerk eindig 3de in die Vrystaat.

Ligauitslae
Die volgende spanne was onoorwonne die seisoen.

O/9A
O/11 A/B
O/11 C/D

Baie geluk met die mooi netbalprestasies van 2017.

RUGBY

Met die toenemende druk wat die huidige Springbokspan beleef word daar ook van juniorkant af verwag om die spelers op grondvlak se vaardigheidsvlakke te verbeter. Dit is ook presies wat die Tjokkie-afrigters gepoog het, al is hulle nie professionele afrigters nie en kry hulle ook nie altyd die erkenning daarvoor nie, streef ons by Tjokkies nog steeds om NET MY BESTE te gee.

Die afrigters by die skool het reeds vroeg in Februarie `n drie dae afrigtingsessie aangebied deur die Vrystaat se Rugby Unie, onder leiding van Franco Smit bygewoon wat `n baie waardevolle geleentheid was om die nuutste tendense in die aanslag tot rugby aan te leer. Hierdeur is gepoog om die spelpatroon waarvoor die Cheetahs so bekend geword het ook deur die skole in Bloemfontein te laat inkoop.

Die O/11A-en O/13A-spanne het gedurende die Maart/April vakansie `n toernooi in Bethlehem gaan bywoon. Alhoewel die kompetisie sterk was, het die O/13A-span `n welverdiende derde plek behaal.

Tjokkies maak steeds jaarliks van studente-afrigters gebruik om te help met die afrigting van veral ons laer ligaspanne. Daar was vanjaar heelwat studente wat by die O/9-ouderdomsgroep betrokke was, wat vir ons baie waardevol was. Daar moet melding gemaak word van die O/9A-span wat vanjaar slegs een wedstryd teen Grey Kollege verloor het.

Mnr Hendrik Ras het by die skool as buite-afrigter betrokke geraak en `n Tjokkie Super Kidz Rugby Akademie begin waarby heelwat spelers ingeskakel het. Met sy hulp is daar ook vroeg in die seisoen `n kliniek gehou om die spelers deur ervare buite afrigters nuwe vaardighede te laat aanleer.

Tjokkies het ook voortgebou op die laaste vyf jaar se goeie prestasies en die volgende seuns het hul provinsie in hul onderskeie spanne verteenwoordig nl:

Simeon Vorster	:	O/13B
Wendell Plaatjies	:	O/13B
Luan Calitz	:	O/12A

Mnr. Neels Gunter was ook die afrigter van die Vrystaat XV-tal wat in Julie in Sasolburg aan hulle Provinsiale toernooi deelgeneem het.

SKAAK

Die skaakspelers het goed gevaar die jaar in die skaakligas wat die tweede kwartaal plaasgevind het. Alhoewel die seniorspan bietjie swaar getrek het in die A-Liga, het die drie juniorspanne, wat ingeskryf was, goed gedoen.

Twee spanne het die eerste en tweede plek in die B-liga behaal. Daar was ook vier bordwenners in die liga.

Die gereelde deelname aan die skaaktoernooie wat oor naweke plaasgevind het, het ook baie goeie uitslae opgelewer. Vyf leerders is vir die Interprovinsiale span van die Vrystaat gekies wat in die Junievakansie in Rustenburg plaasgevind het nl:

Heinrich Lindtveldt
Wian Griedel
Michelle Janse van Rensburg
Arno Griesel

Gerhardus Janse van Rensburgh

Die volgende leerders is ook verkies tot die Vrystaat Skaakspan wat in Januarie 2018 in Boksburg gaan deelneem nl:

Eckhard Hattingh
Heinrich Geyser
Michelle Janse van Rensburg
Heinrich Lindtveldt
Wian Griesel
Arno Griesel
Gerhardus Janse van Rensburg

SWEM

Tjokkies se swemmers het aan die begin van die eerste kwartaal uitgeswem en is in hulle onderskeie groepe ingedeel. Ons getal swemmers groei steeds as ons na die grootte van ons swemgroepe kyk.

Ons skoolgala is hierdie jaar na Kovsies verskuif en was ‘n groot sukses. Die feit dat die leerders van die begin af in ‘n 50m swembad kon swem het `n groot verskil gemaak. Nicole Dreyer is as Victrix Ludorum en Simeon Vorster as Victor Ludorum aangewys. Verskeie rekords is gebreek tydens hierdie gala.

Tjokkies se intergala met Willem Postma was weereens ‘n groot lekkerte vir swemmers sowel as ouers.

Hierdie jaar was daar 70 swemmers in die swemspan wat aan die Vrystaat Swemkampioenskappe deelgeneem het. Nuwe swempette is gemaak en ons swemspan was bevoorreg om die eerste Tjokkies te wees wat tydens hierdie kampioenskappe daarmee te swem. Ons swemmers presteer puik en verower ‘n hele klomp medaljes. El-Jay Linde was aangewys as die beste O/10 swemmer en Simeon Vorster die beste O/13 swemmer. Naschke van der Walt neem in die kategorie S9 as gestremde swemmer deel en verwerf 3 goue medaljes in haar ouderdomsgroep.
Juf. Lianza Grobler is ook herverkies as voorsitter van die Laerskole Swem vir die volgende termyn.
Drie swemmers word ingesluit in die Vrystaat Swemspan wat aan die SA Swemkampioenskappe deelgeneem het.

Francisca van Rooyen (10jaar)
Swem in die 200m Vryslag saam met die 12 jariges en behaal ‘n uitstekende 10e plek.
Nicole Dreyer : (1 x goud; 1 x brons)
Simeon Vorster : (3 x brons; 3 x silwer; 2 x goud)

Met al die prestasies wat behaal word in die swembad, wys dit dat Tjokkies se swemmers goed presteer. Baie van ons beginner swemmers het hulself opgewerk, of sal ons sê opgeswem, en by swemklubs ingeskakel. Ook hier presteer ons kinders baie mooi.

TENNIS

Dit is met dankbaarheid dat ons terugkyk na die afgelope jaar se werksaamhede.
Ons eie rondomtalie het op Vrydag, 24 Februarie 2017 by Muddplein plaasgevind.

Ons seuns sowel as dogters het hier teen mekaar meegeding om sodoende ‘n ranglys te bepaal.

Ons het vanjaar twee 0/14 seunspanne en een dogterspan in die B-liga ingeskryf. Ons het ook ‘n 0/11-seunspan vir die vierde kwartaal ingeskryf.

Twee 0/14-seuns, een 0/12-seun en ‘n 0/14-dogter het ingeskryf vir die Mangaung Metro Tennisproewe vir 2018 wat in Oktober plaasvind. Ons hou styf duimvas vir hierdie leerders.

My opregte dank aan elke onderwyser en afrigter van al die sportsoorte wat vanjaar hard gewerk het om van Tjokkies `n baie mededingende sportskool te maak. Dankie vir u as ouer se lojale ondersteuning langs die bane en velde die afgelope jaar. Baie dankie ook aan ons nuwe Sportorganiseerder mnr. Hermann Davin wat sommer vinnig by Tjokkies ingeskakel het en gesorg het dat alle reëlings seepglad kon verloop.
Ook ons opregte dank aan Mnr Philip Marais en ons borge vir die jaar wat gesorg het dat alle eerstespanspelers hulle nuwe spandrag met trots kon dra.

TJOKKIES PREPRIMÊR JAARVERSLAG (Me Elsabé Claassen)
Desember verlede jaar het die “groot trek” plaasgevind. Juffrou Anna-Marie Venter het uitgetrek, Juffrou Helena het in die Rooiklas ingetrek, die Geelklas het Juffrou Elsabé se Blouklas geword, die ou Blouklas het Juffrou Jomy se Geelklas geword en net Juffrou Blanche se Groenklas het Groenklas gebly.

Januarie het die skool begin, sonder Juffrou Anna-Marie Venter, wat afgetree het. Ons eer haar vir 21 jaar se leiding en so het ons trots bly stap in die spore wat sy hier by Tjokkies getrap het… tree vir tree die nuwe skooljaar in.

‘n Kind wat tuis en tevrede voel in sy natuurlike omgewing, het ‘n sekere mate van begrip vir die dinge rondom hom en dìt bied aan hom ‘n buffer teen emosionele spanning. Sou mense of dinge vir hom nuut en vreemd voorkom, is dit dikwels juis die “onverandelikheid” van moederaarde wat aan hom gerustheid verskaf. Daarom was een van ons eerste projekte vanjaar om ons droogte-tuin te omskep in ‘n speel-tuin waar elke kleutertjie kan tuis voel.

Die daarstel van emosionele stabiliteit in die klaskamer, was eweneens ‘n groot prioriteit wat deur die jaar aandag geniet het. Verder het ons deurlopend gepoog om kwaliteit **tyd**, **energie** en **aandag** aan die kleuters te spandeer.

Ouerbetrokkenheid
Daar is twee ouervergaderings gehou wat baie goed bygewoon is. Waardevolle inligting is deurgegee, komitees is gekies en daar is selfs deur elke klas ‘n item gelewer! Ons Tjokkie-ouers het vanjaar meer as ooit betrokke geraak by ons skooltjie en ons kon staatmaak op hul positiewe ingesteldheid en ondersteuning. Die gekose komitees, nl. die Gholfkomitee, Sosiale Komitee, Redaksie en Terreinkomitee het deurgaans hard gewerk en ‘n groot bydrae gelewer tot die funksionering van die skool. Dis met opregte dankbaarheid dat ons kan sê ons ouers het ons hande sterk gemaak!

Projekte en geleenthede
Die sosiale kalender het afgeskop met die Ken-mekaar piekniek in Februarie en die altyd gewilde Tjokkiebal in Maart. Ons jaarlikse Tjokkie-Itec Gholfdag het in die Tweede Kwartaal plaasgevind en goeie fondse is ingebring. Die Kleuter-sportdag wat

vanjaar met die Karnaval gekombineer is in die Derde Kwartaal, was ‘n groot sukses. In die Vierde Kwartaal is die Konsert en Gradeplegtigheid soos altyd ‘n hoogtepunt.
Verrykend tot ons akademiese program het ons ook die volgende aktiwiteite deur die jaar aangebied: Poppekas, Smartiedag, Hondeskou, Groente- en Vrugtemark en Boekeweek. Uitstappies is onderneem en op eie bodem word Tegnologie ook aanvullend tot ons program ingespan.

Personeel
Verskeie kursusse is deur die personeel bygewoon terwyl die assistent-personeel ook ‘n volledige Noodhulpkursus bygewoon het. As personeel deel ons dieselfde passie vir ons werk, wat ons saambind in lojaliteit teenoor ons skool. Alles wat ons bereik het, was **spanwerk** en elkeen verdien erkenning. Baie dankie aan ‘n besonderse span mense – ons het die wa deur die drif getrek.
So het ons nou byna aan die einde van die jaar gekom. Moeg maar tevrede vra ek myself af, in watter ander beroep kan ‘n grootmens die volgende kindergebedjie bid:

“Liewe Heer, dis slapenstyd,
Ek dank U vir vandag.
Vir al die werk en al die speel
En al die lekker lag.”
Amen

MEEGEVOEL
Tjokkies getuig sy innige simpatie met ouers, kinders en opvoeders wat geliefdes aan die dood afgestaan het.

Ons is ook bewus van ouers wat tans ’n stryd teen kanker en ander siektes voer en wil hulle verseker van ons volgehoue voorbidding.

BEDANKINGS
My opregte dank aan;

- Ons Hemelse Vader
- Mnr G Simmons en later mnr W Cicilie, Kringbestuurders
- Die Beheerliggaam en alle Funksionele komitees
- Ouerkomitee
- Die Bestuurspan
- Personeel
- Tjokkies Preprimêr se personeel
- Die administratiewe personeel
- Mnr Hennie Greyling en die terreinpersoneel
- Leerderraad
- Ouers
- Ma’s wat Omgee vir hulle gebede
- Borge en donateurs, veral G6 een-stop motor diensstasie (Mnr Werner Griesel) Universitas Spar (Mnr Kallie Grobler), Midasgroep (Mnr Louis J v Rensburg) McDonalds (Mnr Arno Bakkes) Cartrack (Me Yvet Rust) en ouers wat ruim bygedra het en anoniem wil bly.
- My vrou Ansie wat Tjokkies met my moet deel.

TEN SLOTTE

Ons groet vanaand die graad 7-leerlinge en bid hulle die Here se seën toe. Die name van die graad 7-leerlinge met die aantal jare by Tjokkies verskyn in hakies. Die sterretjie dui aan dat hy/sy die laaste Tjokkie van die gesin is.

Graad 7A

Dogters	**Seuns**
Danelle Aggenbacht (6)	Marco Botes (3)
Chanté Breedt (4)	Ruben Botha(8)*
Minette Fivaz (6)	Johan Cilliers (7)*
Ciara Hattingh (7)*	Marchant du Preez (7)
Inaleen Heymans (3)*	Valken Goosen (8)
Zanelle Jansen van Rensburg (7)*	Dirk Hugo (7)*
Yéntle Lorandi (9)*	Ruben Johns (8)
Gianna Lusardi (8)*	MJ Meyer (8)*
Emma Nel (9)*	Armand Nel (2)
Caitlin Philander (3)	Devan Potgieter (8)*
Lize Potgieter (8)*	Joubert Potgieter (7)*
Zenobia Slabbert (7)	Zander Strauss (8)*
Mia Stemmet (9)	Jannie Truter (8)
Danya Taljaard (9)*	Gian van der Merwe (7)
Janita van Staden (9)*	
Elzaan Venter (8)	
Danicha Wasserman (3)*	

Graad 7B

Marizel Cloete (8)	George Bouwer (8)*
Sonja Cloete (8)*	Francois Fourie (8)*
Larindi Crafford (7)*	Pieter Hugo (7)*
Alucia du Toit (8)	Edrich Hutcheons (8)*
Jana du Toit (9)*	Heindrich Hutcheons (8)*
Benette Frylinck (8)*	Juandré Jordaan (7)
Annemie Grobler (4)*	Ruan Maree (9)
Simoné Jansen van Rensburg (7)	Rueben Muller (4)
Liandrie Klaassen (7)*	Dian Nel (9)*
Magdalize Myburgh (10)*	De Vos Pienaar (7)*
Salomé Theunissen (8)	Marnus Potgieter (9)
Marcel van As (7)	Jean-Marc Viviers (8)*
Monae van den Berg (4)	Mikael von Eschwege (8)*
Joané Vermaak (8)	
Minke Vorster (7)*	

Graad 7 C

Annemé Casaleggio (7)	Leroi Brewis (9)
Jolene Deysel (8)	Matthew Carroll (9)*
Anneke Dippenaar (7)*	SG du Preez (8)*
Suzahn du Toit (7)*	HD Holtzhausen (9)*
Nielsje Erasmus (8)*	Stephan Lagrange (3)*
Christine Esterhuizen (9)	Alexander Leak (4)
Marilé Geyer (8)*	Nathan Louw (2)*

Karla Kleinhans (8)*
Annika Krause (9)*
Yvé Kriel (8)
Zoë Leipoldt (3)
Chandré Muller (9)*
Elmoné Nortjé (4)*
Charlize Rossouw (8)*
Ruané van Aswegen (9)*
Roedine van der Merwe (8)
Viola van der Westhuizen (8)
Chandré Visser (8)*
Elsabé Visser (7)*

Pierre Lubbe (3)*
Franco van Heerden (8)
Franco van Rooyen (7)
Jandré van Zyl (7)*
Simeon Vorster (2)

Graad 7 D

Dogters
Brenscha Badenhorst (7)
Jessica Bartheil (6)*
Nicole Dreyer (8)
Zoë du Plessis (7)
Anso Faber (8)*
Carnelle Hattingh (7)
Eduané Janse van Rensburg (8)
Mieke Kotze (8)
Anoline Landman (9)
Anja Louw (10)*
Ivana Lues (8)*
Anneke Oosthuizen (8)*
Mieke Prinsloo (7)*
Kristen Redelinghuys (7)*
Vizeonique Theron (7)*
Anke van der Merwe (7)*
Wilmien van Rensburg (6)

Seuns
Dawie Botes (7)
Gerhard Ceronio (7)
Marno Engelbrecht (8)
Henri Fourie (9)*
Izak Hugo (8)
Cloete Jansen van Vuuren (8)*
Wynand Krohn (9)
Pierré le Roux (7)*
Alex Mitchell (8)*
Wendell Plaatjies (3)
Duan van der Berg (8)
Handré Veldman (8)*
Wian Viljoen (9)*

Woorde van Tjokkies se afskeidslied.

Ons spore lê oor Tjokkieland,
Hier was ons harte aan die brand
Ons het gekom om iets te leer
En gaan hier weg met soveel meer
Ons leer en sing en speel en lag
En Jesus dra ons deur die dag
So kom ons nader aan mekaar
En ons aanvaar Gods woord is waar

Tjokkieland, waar ons leer en
die toekoms vir ons begin
Hier gee onnies en ouers
En maats aan die lewe sin.
Net my beste – onthou –
Ons kan altyd op God vertrou

As ons groet is dit seer, maar
Ek weet eendag sien ek jou weer.

'n Geseënde feesseisoen word u toegewens.